Jy sal nie glo nie.

Ek het al agtergekom dat daar 'n direkte verband tussen talent en kunstenaars-ego bestaan: hoe groter die ego, hoe kleiner die talent. Tipies, nè?

Miskien is een van die grootste foute wat ek in my bestuursloopbaan gemaak het die feit dat ek my kunstenaars mettertyd my vriende laat word het — en dat ek onder die indruk verkeer het dat ek húlle vriend was. Ons het by mekaar se persoonlike lewens betrokke geraak. Ek moes, by tye, as konfidant optree, geheime bewaar, hulle beskerm en van raad bedien.

Vriendskap. Dis 'n wedersydse ding, verstaan ek.

Die toets kom wanneer daar kak spat, of hoe?

Dit het my 'n volle dertig jaar geneem om te besef: jou kunstenaars moet jou kliënte wees. Nie jou vriende nie.

Vroeg in Januarie 2005 het die daarstelling van *Die Koms van die Sewe Wonders*-toer in alle erns begin. Ek het kort tevore vir Remona Grobler aangestel om saam met Lotie Koen die beplanningsproses vanuit die kantoor van stapel te stuur. Dit was groot werk.

Gelukkig was die meeste van my onderhandelings met die kunstenaars reeds gefinaliseer. Hulle was dit eens dat die toer 'n werklike sukses kon wees.

Van meet af aan het ek gevoel dat dit iets besonders sou wees om deur die groter sentra in die land met die sewe kunstenaars se helderkleurige toerbusse in 'n stoet te ry, elk met Music Profile Management se kenmerkende naambeeld agterop.

Datums is vasgemaak. Ons sou ons openingskonsert in Pietersburg se stadsaal op 25 Februarie hou en van daar reis na Kroonstad, Rustenburg, Ermelo, Pretoria-Noord, Klerksdorp, Vereeniging, Boksburg, Witbank, Krugersdorp, Tzaneen, Secunda, Nelspruit, Potchefstroom, Welkom, Bloemfontein, Kimberley, Port Elizabeth, Oos-Londen, die KKNK *Afskop*-konsert, Kaapstad, Pietermaritzburg, Richardsbaai, Aula-teater, Pretoria, en eindig by die *Amajuba*-Winterfees van die Newcastle-skou op 30 April 2005.

Sjoe.

Maar van die Sewe Wonders het begin murmureer. Eers teenoor mekaar en toe teenoor my.

Een vir een.

Kurt en die Campbells wou om die dood nie vir Patricia Lewis op die toer hê nie. Hulle het glad nie van haar gehou nie en was vas oortuig dat haar rakleeftyd lank reeds verstreke was.

In teenstelling het Patricia weer geglo dat ek my verdienstepersentasies verkeerd uitgewerk het: Kurt het dan skaars 'n jaar tevore háár voorprogram behartig; hoe kon hý dan nou meer as sý verdien?

Wye publisiteit is ook in dié tyd aan 'n vitterige twisgesprek tussen Amor en Patricia deur die media verleen. Ek kon nooit eintlik agter die kap van die byl kom wat die oorsaak van die vete tussen hulle betref het nie, maar die een het die ander gedurig by my kom slegsê. Hulle het mekaar van alles en nog wat beskuldig.

"Jy gaan nooit daai twee katwyfies saam op een verhoog kry nie, Louis," het 'n bekommerde vriend my gewaarsku.

Wat Patricia se deelname aan die toer betref, het Amor met die manne saamgestem: sý, eerder as Patricia, het 'n baie hoër mediaprofiel gehandhaaf en was baie meer gewild by die publiek. Al Patricia se jongste vrystellings het in die hek geduik; albumverkope kon dus nie as maatstaf vir die bepaling van verdienstepersentasies dien nie. Wie het vir haar wat Patricia is die reg gegee om te glo sy's *Lady Godiva*?

Selfs Nádine het my oor die aangeleentheid kom sien. Sy was meer diplomaties. Patricia was baie *nice* en alles, maar sy was rêrig nie meer so 'n groot publieke trekpleister nie. Kon ek nie dalk net 'n paar persentasiepunte by Patricia wegneem en vir háár gee nie?

Asseblief, Louis?

Pieter Koen en Nianell het hul skouers opgehaal en gelag. Ag nee wat, het hulle geredeneer: al het hulle minder geld as die ander verdien was die blootstelling op die lang termyn meer as die moeite werd.

Wat ook al.

'n Vinnige pluimpie vir Nádine, Nianell en Pieter Koen: hulle is

werklik van die lieflikste kunstenaars wat 'n mens mee te doen kan kry; altyd bereid om te luister, te onderhandel, saam te gesels, met voorstelle te kom en dan te berus by die eindresultaat.

As daar net meer van húlle in die land was!

Ek het nooit vir Patricia van die onderlangse gebrou en gebrom vertel nie. Miskien moes ek. Sy het my konstant herinner aan haar groot gewildheid, haar verstommende CD-verkoopsyfers, haar dekades in die bedryf en wat sy alles in haar skitterende loopbaan bereik het. As haar bestuurder en haar 'vriend' van baie jare het ek dit goedgedink om stil te bly.

Moenie 'n hond skop as hy lê nie.

Dit is wel so dat enige en elke kunstenaar 'n rakleeftyd iewers op hulle lywe gestempel het. Dis tog vanselfsprekend. Dis egter net die grootstes onder die grotes wat dit erken en betyds aftree.

Voordat hulle gekke van hulleself begin maak.

Daar kom 'n tyd.

Nou ja.

Ek het baklei om Patricia op die toer te hou.

My redenasie was dat dit sleg sou lyk indien al Music Profile Management se kunstenaars saam op toer is behalwe sy.

Sien dit tog nou in — kyk die trane in my oë ...

Dankie, julle.

Verskeie vergaderings by my huis het gevolg. Ek was gedetermineerd om Patricia en Amor saam alleen in 'n vertrek te kry om vrede te maak. Anders sou hulle mekaar se oë op toer uitkrap en daarvoor het ek nie kans gesien nie. Toe ek die voorstel telefonies aan hulle maak was Amor te vinde daarvoor, maar Patricia heelwat minder so.

"You remember what I told you when you said you were going to manage Amor and Joost?"

"What, Patricia?" het ek gesug.

"I told you there would be trouble, didn't I, Louis — didn't I? Now, look!"

Ek het geglimlag.

Patricia het dié dag byna haar tong ingesluk. Sy was oproerig gewees, maar ek kon nie toelaat dat haar grille my optrede

voorskryf of my besluite onnodig beïnvloed nie. Wat my betref was Joost en Amor 'n aanwins vir Music Profile Management.

Ego's.

Ek het die Sewe Wonders een middag bymekaar laat kom en gou 'n aparte vergadering met Amor en Patricia belê. Ek het aan hulle die noodsaaklikheid van 'n vredesooreenkoms verduidelik en hulle het dit ingesien. "Praat nou met mekaar en sorteer dit uit," het ek voorgestel. "Julle maak almal senuweeagtig."

Hulle was nie lank alleen saam in die kamer nie. Amor het eerste haar verskyning gemaak en die huis uit gestorm. Patricia het kort op haar hakke gevolg.

Ek weet tot vandag toe nie wat hulle vir mekaar gesê het nie, maar die ongemaklikheid het so swaar soos lood in die lug gehang. Ek het een of ander simpel grappie aan die ander vertel om die stilte te verbreek. Dit het nie die nodige resultaat gelewer nie.

Ek moet sê: dis nooit lekker as niemand vir jou grappe lag nie. Al is hulle simpel.

Ten spyte van die onderliggende spanning het die toer 'n aanvang geneem.

Sewe busse, dertig mense.

Waarskynlik die grootste Suid-Afrikaanse toer in die Afrikaanse mark tot op datum. Wat ons met die toer wou bereik in terme van bywoning, verkope en finansies het ons sekerlik reggekry. Aan die verhoudingskant was dit 'n ander storie. Dit het my hoofbrekens besorg.

Patricia en Mark het hulle heeltyd eenkant gehou en skaars 'n woord met van die ander gewissel.

Humeure het gesmeul.

Kort voor ons optrede by Graceland Casino in Secunda het 'n mediabom gebars en die Sondagkoerante gehaal.

Nee, nie weer 'n storie oor my nie.

Dié keer was dit oor Patricia.

Landwyd het sy op die voorblad van *Die Son* gepronk met 'n neus soos Pinocchio na aanleiding van die rol wat sy in 'n pornografiese rolprent gespeel het. Blykbaar was daar 'n menings-

verskil oor wie se kaal borste in die fliek vertoon is — Patricia het gemeen dat dit nie hare was nie en die koerant het volgehou dat dit was.

Die debat het 'n storm ontketen.

Waaroor daar wel eenstemmigheid was, was dat dit 'n mooi paar borste was, het van my mansvriende my vertel.

Ek weet nie.

Ek het nie die fliek gesien nie.

Patricia het my in trane gebel, erg omgekrap. Kon sy asseblief die optrede mis? Sy sou nie op die verhoog kon gaan nie; wat as mense in die gehoor kommentaar sou lewer of vir haar sou lag?

Ek het beter verstaan as baie.

Ek het haar my volgehoue ondersteuning beloof en vir haar verseker dat sy haar nie oor die optrede hoef te bekommer nie.

Die aand van 11 Maart was daar net ses wonders op die verhoog.

Kurt en die Campbells se gesigte het van pure lekkerkry geblink. Hulle het uiteraard probeer om die situasie uit te buit.

"We told you from the beginning, hey Louis," het die trio vinger gewys. "She doesn't belong on this tour. Now her continued participation is going to damage our image. You must remove her immediately."

Ek het geweier. Dit sou onvergeeflik wreed wees, het ek gesê.

Basta: die toer sou die *Sewe Wonders* bly.

Ons het voortgegaan.

Maar die aand van ons vertoning by die Sand du Plessis-teater op 17 Maart in Bloemfontein het als behoorlik tot uitbarsting gekom. Daar was 'n hewige geskree en geskellery tussen die Campbells, Kurt, Patricia en Mark. Die rede daarvoor was dat Patricia sedert die *Son*-storie elke aand op die verhoog gegaan en grappenderwys opmerkings oor die artikel gemaak het. Die res het gevoel dat die *Sewe Wonders*-verhoog nie die regte forum vir haar was om haarself te verdedig nie.

Vloekwoorde het soos weerligstrale heen en weer geflits.

Patricia se laaste woorde aan die Campbells was: "You are all fucking cocksuckers!"

Dít het ons almal stilgemaak.

Dalk ook omdat dit so 'n raak beskrywing van die vermaaklikheidsbedryf in sy geheel is, het ek agterna gedink.

Patricia ingesluit.

Joost het my daardie aand gebel en gesê hy was van plan om Amor van die toer te onttrek. Hy wou nie hê sy moes deel wees van so 'n bakleiery nie. Ek het Joost probeer oortuig dat haar onttrekking soveel negatiwiteit sou meebring dat alles waarvoor ons gewerk het tot niet sou gaan. Dink net wat die media daarmee sou maak!

"Oukei," het Joost ingestem. "Sy kan bly ter wille van die sukses van die toer."

Goeie mense, die Van der Westhuizens, het ek na die gesprek gemeen.

Ek het daardie aand met Kurt en die Campbells se redenasie saamgestem en moes dit hewig ontgeld. Patricia het my van 'n kant af verskree. Ek het ná haar tirade 'n verskoning aangebied en my lojaliteit aan haar herbevestig. Sy het dit gelukkig so aanvaar en ek het daarna 'n punt daarvan gemaak om elke aand voor die vertoning by haar aantrekkamer te gaan inloer en met haar en Mark oor allerlei onbenullighede te gesels. Enigiets om die gemoedere in toom te hou.

Patricia en Nianell het later 'n soort vriendskap gesmee wat vir hulle op die toer gewerk het. Ek was bly daaroor. Amor en Tony Campbell het ook goeie vriende geword. Sóveel so dat daar gerugte oor 'n verhouding ontstaan het. Ek het my nie daaraan gesteur nie. Daar is altyd gissings oor verhoudings op toere.

Ek wil graag hê jy moet één ding nou mooi verstaan: daar bestaan 'n vertrouensverhouding tussen 'n bestuurder en sy kunstenaars — nes daar 'n vertrouensverhouding tussen 'n prokureur en sy kliënt, of 'n dokter en sy pasiënt bestaan.

Ek sal nooit uitlatings oor my kunstenaars maak wat daardie vertrouensverhouding laat versplinter nie. Dit sou oneties wees. Wat mý betref. Al is hulle nie meer my kunstenaars nie. Ek werk steeds in die musiekbedryf; watter kunstenaar sal ooit weer onder my bestuur wil staan as hy of sy reken ek gaan alles omtrent hul